# TEHUIS VIR BEJAARDES

2019 VERSLAG

**INHOUD**

LYS VAN FIGURE ..... 2
1. Inleiding ..... 3
2. Navorsingsmetode ..... 3
3. Resultate ..... 4
3.1 Afdeling A ..... 4
3.1.1 Geografie ..... 4
3.1.2 Die bestaansjare van die tehuis vir bejaardes ..... 4
3.1.3 Registrasie en waglys ..... 5
3.1.4 Geslag en afhanklikheid van die inwoners ..... 5
3.1.5 Inwoners met toestande gediagnoseer ..... 6
3.1.6 Tariewe by die tehuise ..... 6
3.1.7 Departementele bydraes per inwoner ..... 7
3.1.8 Dienste gelewer by die tehuise ..... 7
3.1.9 Behoefte aan dienste by die tehuise ..... 8
3.1.10 Dienste voorsien deur die tehuise ..... 9
3.1.11 Fasiliteite by die tehuise ..... 10
3.1.12 Aktiwiteite vir bejaardes ..... 11
3.1.13 Behoefte aan materiaal vir aktiwiteite ..... 11
3.1.14 Noodsaaklik, gerieflik en onnodig vir tehuise ..... 12
3.1.15 Uitgawes van die tehuise ..... 15
3.2 Afdeling B ..... 16
3.2.1 Demografie ..... 16
3.2.1.1 Geslag en ouderdom ..... 16
3.2.1.2 Gesinsamestelling ..... 16
3.2.1.4 Toegang tot mediese dienste ..... 17
3.2.2 Bejaardes se ondersteuningsnetwerke ..... 18
3.2.2.1 Kinders se afstand vanaf tehuise ..... 18
3.2.2.2 Die ondersteuningsnetwerk van die bejaardes ..... 18
3.2.3 Mobiliteit van bejaardes ..... 19
3.2.4 Maandelikse behoeftes ..... 21
3.2.5 Deelname en behoefte aan aktiwiteite ..... 22
3.2.6 Bejaardes se vaardighede ..... 23
4. Samevatting ..... 24
5. Aanbeveling ..... 27

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1. Provinsie van die tehuis vir bejaardes ..... 4
Figuur 2. Persentasie tehuise se bestaansjaar ..... 4
Figuur 3. Registrasie by die DMO ..... 5
Figuur 4. Waglys vir die tehuis ..... 5
Figuur 5. Geslag van inwoners ..... 5
Figuur 6. Persentasie afhanklikheid van die inwoners ..... 5
Figuur 7. Persentasie inwoners met toestande gediagnoseer ..... 6
Figuur 8. Tariewe van tehuise ..... 6
Figuur 9. Randwaarde van staatsubsidie per inwoner ..... 7
Figuur 10. Dienste gelewer by die tehuise ..... 7
Figuur 11. Persentasie personeellede by die tehuise ..... 8
Figuur 12. Persentasie behoefte aan dienste ..... 8
Figuur 13. Persentasie dienste by die tehuise ..... 9
Figuur 14. Persentasie fasiliteite by die tehuise ..... 10
Figuur 15. Persentasie aktiwiteite wat tehuise bied ..... 11
Figuur 16. Persentasie behoefte aan materiaal vir aktiwiteite ..... 11
Figuur 17. Persentasies van dienste en produkte wat tehuise as noodsaaklik aangedui het ..... 12
Figuur 18. Persentasies van dienste en produkte wat tehuise as gerieflik aangeteken het ..... 13
Figuur 19. Persentasies van dienste en produkte wat tehuise as onnodig beskou ..... 14
Figuur 20. Hoogste tot laagste uitgawes van die tehuise ..... 15
Figuur 21. Geslag van die bejaardes ..... 16
Figuur 22. Ouderdom van die bejaardes ..... 16
Figuur 23. Kinders van bejaardes ..... 16
Figuur 24. Wie sorg finansieel vir die bejaarde ..... 16
Figuur 25. Bejaardes se tipe inkomste ..... 17
Figuur 26. Toegang tot 'n mediese fonds ..... 17
Figuur 28. Uitstappies deur die bejaarde se kinders ..... 18
Figuur 29. Besoeke vanaf die kinders/familie ..... 18
Figuur 30. Ondersteuningsnetwerk van die bejaardes ..... 19
Figuur 31. Mobiliteit van bejaardes ..... 19
Figuur 32. Persentasie behoefte aan toebehore ..... 19
Figuur 33. Ander behoeftes wat geopper is ..... 20
Figuur 33. Behoeftes maandeliks ..... 21
Figuur 34. Deelname aan aktiwiteite ..... 22
Figuur 35. Behoefte aan aktiwiteite ..... 23
Figuur 36. Bejaardes se vaardighede ..... 23

## 1. Inleiding

Solidariteit Helpende Hand is ’n organisasie, sonder winsoogmerk, geskoei op die beginsels van die Helpmekaar-beweging van 1949. Ons fokus is om ’n antwoord op die Afrikaner-armoedekrisis te vind deur verskeie inisiatiewe, om armoede te verlig, te voorkom en te verbreek.

Helpende Hand het ’n verskeidenheid van nasionale projekte wat poog om die swaarkry van behoeftige mense te verlig. Dié projekte sluit die Kosblikkie-, die Skooltassie- en die #HelpHetta-projek in. Kinders word veral gehelp deur hierdie projekte, deur hulle te voorsien met ’n daaglikse bord gesonde kos, skryfbehoeftes en sanitêre ware. Terselfdertyd lê bejaardes Helpende Hand na aan die hart en deur middel van die bejaarde-projekte fokus Helpende Hand om persone ouer as 60 jaar te ondersteun, te bederf en te vereer.

Helpende Hand poog ook om die Afrikaner-volk te leer om weer vir bejaardes om te gee, sodat elkeen verantwoordelikheid kan neem vir die bejaardes in hulle lewens en in hulle gemeenskap. Helpende Hand se bejaarde-projekte wil ’n einde maak aan die eensaamheid en armoede waarin baie van ons land se bejaardes leef.

Hierdie verslag bied ’n opsomming en verwerking van data uit die navorsingsvraelyste wat aan 250 tehuise vir bejaardes gestuur is, om die behoeftes van beide die tehuise en die bejaarde inwoners te bepaal. Die behoeftes sal as riglyn dien vir Helpende Hand se bejaarde-projekte en die verhouding tussen Helpende Hand en die bejaarde tehuise versterk en uitbou.

## 2. Navorsingsmetode

Helpende Hand het ’n vraelys opgestel wat bestaan uit twee afdelings, Afdeling A en Afdeling B. Afdeling A bestaan uit 17 vrae wat spesifiek die tehuise se behoefte aan ondersteuning en dienste wou bepaal, met Afdeling B wat die inwoners se belangstellings wou bepaal en in watter behoeftes Helpende Hand kan voorsien. Daar het 50 tehuise aan die opname deelgeneem en 450 bejaarde inwoners het die vraelyste voltooi. ’n Gemengde navorsingsmetode met oop en veelkeusige vrae is gevolg.


Die data is met behulp van beskrywende statistiese metodes geanaliseer en word hoofsaaklik deur persentasies, in die vorm van grafieke, uitgebeeld.

## 3. Resultate

### 3.1 Afdeling A

Hierdie afdeling se resultate word verduidelik aan die hand van die inligting wat die Tehuis vir Bejaardes ingevul het.


### 3.1.1 Geografie




*Figuur 1. Provinsie van die tehuis vir bejaardes*

Die grootste hoeveelheid van die bejaarde tehuise wat aan die opname deelgeneem het, is in Gauteng (24%). Die tweede grootste groep bejaarde tehuise is in die Vrystaat (18%). Noord-Kaap, die Noordwes en die Wes-Kaap (14%) se tehuise is die derde grootste groep wat aan die opname deelgeneem het.


### 3.1.2 Die bestaansjare van die tehuis vir bejaardes





*Figuur 2. Persentasie tehuise se bestaansjaar*

Die meeste van die tehuise (92%) bestaan al meer as 30 jaar. 35% van die tehuise bestaan meer as vier dekades en meer as 30% van die tehuise het meer as vyf dekades/'n halwe eeu (50-70 jaar) se ondervinding in bejaardesorg.

### 3.1.3 Registrasie en waglys




Figuur 3. Registrasie by die DMO





Figuur 4. Waglys vir die tehuis


Byna al die tehuise (98%) is by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer.

’n Driekwart van die tehuise (76%) het aangedui dat hulle ’n waglys by hulle tehuis het vir inwoners wat in die tehuis wil kom woon. Hierdie statistiek staaf die nood in Suid-Afrika na die aanvraag vir tehuise om bejaardes te versorg.

### 3.1.4 Geslag en afhanklikheid van die inwoners




Figuur 5. Geslag van inwoners





Figuur 6. Persentasie afhanklikheid van die inwoners

Die meeste van die inwoners (77%) by die tehuise is vroulik. Die navorser is van mening dat die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) en die Grensoorlog (1966 – 1989) ook ’n invloed kon uitoefen op die getalle van mans teenoor vrouens in die tehuise.

Byna die helfte van die tehuise (43%) het aangedui dat hulle inwoners ten volle afhanklik (frail care) is. Ongeveer 20% van die inwoners is gedeeltelik afhanklik van ondersteuning vanaf die personeel by die tehuise. ’n Kwart van die inwoners (25%) is selfversorgend en 13% van die inwoners is gedeeltelik versorgend.


### 3.1.5 Inwoners met toestande gediagnoseer




*Figuur 7. Persentasie inwoners met toestande gediagnoseer*

Byna die helfte van die bejaardes (42%) in die tehuise is met sekere mediese toestande gediagnoseer. Hierdie toestande is onder andere: 10% van die bejaardes wat 'n liggaamlike gestremdheid het. Byna 10% van die bejaardes is blind of doof of met 'n psigiese steuring, soos depressie, angs, ens. gediagnoseer. 'n Klein persentasie van die tehuise (7%) het aangedui dat hulle inwoners 'n leergestremdheid het of gediagnoseer is met Alzheimer's of Dementia.

### 3.1.6 Tariewe by die tehuise





*Figuur 8. Tariewe van tehuise*

Die laagste kostes vir verblyf by die tehuise, wat aan die opname deelgeneem het, is by slegs een van die tehuise 'n R1 500 vir 'n enkelkamer, R2 800 vir 'n dubbelkamer en R3 525 vir die versorgingseenheid. Hierdie kostes word slegs vir bejaardes wat 'n SASSA-toelaag alleenlik ontvang, aangebied.

Die hoogste tariewe vir verblyf by die tehuise wat aan die opname deelgeneem het, is R11 715 vir 'n enkelkamer, R17 360 vir 'n dubbelkamer en R12 300 vir die versorgingseenheid. Die gemiddelde tariewe is R6 619 vir 'n enkelkamer, R8 461 vir 'n dubbelkamer en R7 591 vir die versorgingseenheid.


### 3.1.7 Departementele bydraes per inwoner




*Figuur 9. Randwaarde van staatsubsidie per inwoner*

Byna 40% van die bejaardes ontvang 'n staat subsidie. Die subsidie is byna 3 miljoen rand (2.9 miljoen rand). Die bydrae strek vanaf R984 - R3 541 per inwoner per maand. Die gemiddelde bydrae is R1 985 per inwoner per maand.


### 3.1.8 Dienste gelewer by die tehuise




*Figuur 10. Dienste gelewer by die tehuise*

By die 50 tehuise wat aan die opname deelgeneem het, word 2 188 voltydse personeellede se salarisse betaal. Dit is 'n gemiddeld van 44 personeellede per tehuis. Hierdie tehuise versorg 3 559


bejaarde inwoners. Die tehuise het aangedui dat hulle gesamentlik ongeveer 563 vrywilligers het wat hulle dienste, hulp en ondersteuning gratis vir die tehuis aanbied.




*Figuur 11. Persentasie personeellede by die tehuise*

Die grootste hoeveelheid van die tehuis (39%) se personeellede bestaan uit versorgers. 13-17% van die personeellede is kombuis-, verpleegpersoneel en skoonmakers. Die grootste behoefte aan dienste wat die tehuise nie kan bekostig nie, is instandhoudingspersoneel, mediese personeel, maatskaplike werkers en terapeute. Hierdie dienste word by minder as 10% van tehuise aangetref en die sukses en versorging van bejaardes is afhanklik van hierdie besonderse dienste, kennis en vaardighede.

### 3.1.9 Behoefte aan dienste by die tehuise





*Figuur 12. Persentasie behoefte aan dienste*

Die meerderheid van die tehuise (86-90%) het aangedui dat hulle ’n reuse-behoefte aan fisio- en arbeidsterapie vir inwoners het. Meer as die helfte van die tehuise (52-55%) het ’n behoefte aan

beradings- en maatskaplike dienste geopper. 43% van die tehuise het ook 'n behoefte aan spraakterapie vir bejaardes, wat a.g.v. mediese redes, se spraak aangetas is. Die navorser beveel sterk aan dat mense in hierdie beroepe wat 'n tydjie in hulle skedules kan afstaan, as 'n vrywilligers by tehuise in hulle gemeenskap aanklop.


### 3.1.10 Dienste voorsien deur die tehuise




*Figuur 13. Persentasie dienste by die tehuise*

Al die tehuise wat aan die opname deelgeneem het, voorsien bejaardes van gebalanseerde maaltye. Die meerderheid van die tehuise (72%) het genoegsame mediese dienste. D.w.s. dat 28% van die tehuise onvoldoende mediese dienste het en daaraan 'n behoefte het. Slegs 36% van die tehuise het toegang tot sielkundige/psigiatriese dienste vir hulle bejaardes wanneer dit nodig sou wees. Hier is 'n duidelike leemte waaraan daar aandag gegee kan word d.m.v. vennootskappe met sielkundige instansie in die tehuise se omgewing.

### 3.1.11 Fasiliteite by die tehuise




*Figuur 14. Persentasie fasiliteite by die tehuise*

Byna al die tehuise (90-96%) wat aan die opname deelgeneem het, het voldoende huishoudelike versorging, boeke om te lees, genoegsame slaapgeriewe, elektriese geysers en voldoende veiligheid. Die meerderheid van die tehuise (70-89%) het 'n uitstekende versorgingseenheid, ablusie-geriewe, 'n gasstoof, 'n grasperk, veilige looppaadjies, looprame, elektriese verwarmers en - stoof, rolstoele en 'n ontspanningsaal. Byna 70% van die tehuise het 'n watertenk en 60% van die tehuise het 'n bussie om die bejaardes te vervoer, 'n kragopwekker en 'n boorgat. Die grootste fasiliteite tekort by die tehuise is 'n gimnasium en 'n swembad. Die meeste tehuise het ook nie die luuksheid van 'n dataprojektor, gasverwarmers of -geysers nie.


### 3.1.12 Aktiwiteite vir bejaardes




*Figuur 15. Persentasie aktiwiteite wat tehuise bied*

Al die tehuise (100%) wat aan die opname deelgeneem het, bied Bybelstudie/geestelike lesings vir die bejaardes aan. Die meerderheid van die tehuise (70-72%) bied musiek, ontspanning, brei as aktiwiteit en uitstappies vir hulle inwoners aan. Nog gewilde aktiwiteite (53-60%) by die tehuise is onder andere, ’n boekklub, opvoerings, hekel - en handwerk geleenthede wat vir die inwoners georganiseer word. Uit die 43% van inwoners wat ten volle afhanklik is, is dit verklarend waarom speletjiesaande, kunsklasse en handvaardigheid by minder as 45% van die tehuise aandag geniet. Sportaktiwiteite en ’n loop/hardloop-klub word by minder as 30% van die tehuise as ’n aktiwiteit aangebied.


### 3.1.13 Behoefte aan materiaal vir aktiwiteite




*Figuur 16. Persentasie behoefte aan materiaal vir aktiwiteite*

Die grootste behoefte aan materiaal vir aktiwiteite wat die tehuise aangedui het, is wol (85%) en breinaalde (74%), tesame met bordspeletjies (81%). Hierdie behoeftes bevestig weereens dat Helpende Hand se inisiatiewe soos die Breinaald-projek ons gemeenskap se behoeftes aanspreek, waar ons wol en breinaalde insamel vir bejaardes om hulle aktief besig te hou. Sou Helpende Hand later oorweeg om hekelnaalde (60%) en boeke (49%) namens tehuise in te samel en te versprei, sal dit deur die tehuise verwelkom word. Ander behoeftes wat aangedui is, is inkleurboek en -potlode, balle, legkaarte, boeke met grootdruk skrif, ballonne, krale, vroetel kussings, toerusting vir kunsaktiwiteite, babapoppe en speelgoed om die bejaardes se breinaktiwiteite aan die gang te hou.


### 3.1.14 Noodsaaklik, gerieflik en onnodig vir tehuise




*Figuur 17. Persentasies van dienste en produkte wat tehuise as noodsaaklik aangedui het*

Die dienste en produkte wat tehuise verlang en as noodsaaklikhede aangedui het, is onder andere: instandhouding van die persele en doeke (ongeveer 90%). Verder het hulle ’n behoefte aan


vleisprodukte, groente en vrugte en kruideniersware (tussen 70-79%). Derdens het hulle nuwe beddegoed en matrasse (73-77%) as ’n behoefte aangeteken en opleiding en spanbou van hulle personeellede (69-71%). LED-ligte is ook as ’n noodsaaklikheid (70%) geïdentifiseer. As ’n vierde prioriteit het die tehuise vrywilligers (67%) en geselskap vir die bejaardes (byna 60%) aangedui. Laastens is ’n behoefte van meer as 50% aan die voorbereiding - en aankope van kruideniersware en skoonmaakdienste deur die tehuise aangeteken.



*Figuur 18. Persentasies van dienste en produkte wat tehuise as gerieflik aangeteken het*

Die dienste en produkte wat tehuise as ’n luukse aangedui het, is onder andere: besoeke vanaf skole en boekvoorlesings (ongeveer 55%). Kultuur- en sportaktiwiteite is ongeveer 45% as gerieflik aangedui. Tussen 40-42% van die tehuise het aangedui dat geselskap vir die bejaardes, uitstappies


en die vervoer van - en na uitstappies slegs 'n luukse is. Die res van die dienste en produkte wat gelys is, is nie bloot gerieflik nie, maar noodsaaklik.




*Figuur 19. Persentasies van dienste en produkte wat tehuise as onnodig beskou*

Ongeveer 40% van die tehuise het aangedui dat hulle nie 'n nodigheid vir looprame het nie en ongeveer 30% het aangedui dat die voorbereiding van kos en vervoer van bejaardes nie noodsaaklik is nie. Klere, skoonmakers, sportaktiwiteite en die aankope van kruideniersware is slegs deur 23-26% van die tehuise as onnodig aangedui. Dit is duidelik dat daar genoeg behoeftes is waaraan vrywilligers en die gemeenskap kan aandag skenk om die tehuise in hulle omgewing te ondersteun en te help. Mag hierdie drie grafieke as riglyn dien vir belangstellendes om te weet wat die nood in ons bejaarde tehuise is en daarvolgens hoop by ons tehuise skep, deur die regte behoeftes aan te spreek.

### 3.1.15 Uitgawes van die tehuise




*Figuur 20. Hoogste tot laagste uitgawes van die tehuise*

Ons sluit die afdeling af met die uitgawes wat tehuise as die hoogste tot die laagste aangeteken het. Byna al die tehuise (96%) het aangedui dat hulle grootste uitgawe, salarisse van die personeel by tehuise is. Die tweede grootste uitgawe is kos en kruideniersware, met die water- en elektrisiteitsrekening nouliks derde. Die vierde grootste uitgawe is die instandhouding van die perseel en toerusting en vyfde, die tariewe wat hulle aan die mediese versorging van bejaardes moet spandeer. Doeke, ondersteuningsdienste en aktiwiteite is ’n kleiner las op die tehuise se begrotings, wat moontlik volgens die navorser ook deur die gemeenskap gedryf kan word. Elke doek, materiaal vir ’n aktiwiteit en ’n diensbare spesialis in sy/haar vakgebied se hulp kan in die verband ’n verskil maak in tehuise se finansiële kommernisse en hulle toerus om te sorg vir die generasie wat eens vir ons gesorg het.


### 3.2 Afdeling B

Hierdie afdeling se resultate word verduidelik aan die hand van die vraelyste wat 450 bejaarde inwoners in die tehuise voltooi het.


#### 3.2.1 Demografie

Die demografie van die bejaardes gaan verduidelik word aan die hand van hulle ouderdom, geslag, gesinsamestelling, tipe inkomste en toegang tot mediese dienste.

##### 3.2.1.1 Geslag en ouderdom





*Figuur 21. Geslag van die bejaardes*





*Figuur 22. Ouderdom van die bejaardes*

Die grootste groep van die tehuis se inwoners wat aan die opname deelgeneem het, is meestal (74%) vroulik, met die grootste persentasie van die bejaardes (42%) tussen die ouderdom van 80 - 89 jaar. 32% van die bejaardes wat aan die opname deelgeneem het is ouer as 70 jaar en 12% van die bejaardes is ouer as 90 jaar. Dit is noemenswaardig om aan te dui dat twee van die respondente vanjaar, 100 jaar oud geword het en drie bejaardes volgende jaar hulle 100ste verjaarsdag vier.

##### 3.2.1.2 Gesinsamestelling





*Figuur 23. Kinders van bejaardes*




*Figuur 24. Wie sorg finansieel vir die bejaarde*

83% van die bejaardes het aangedui dat hulle kinders het. Ongeveer 45% van die bejaardes het aangedui dat hulle kinders finansieel vir hulle sorg. Meer as die helfte van die bejaardes (51%) sorg self vir hulle en minder as 10% van die bejaardes het aangedui dat hulle van hulle direkte familie of hulle sosiale kringe finansiële bystand kry.


### 3.2.1.3 Tipe inkomste




*Figuur 25. Bejaardes se tipe inkomste*

Die meerderheid van die bejaardes ontvang of 'n SASSA-toelaag (40%) of 'n pensioen (28%) wat hulle tydens hulle beroepsloopbaan opgebou het. Minder as 10% van die bejaardes ontvang inkomste van ander bronne af of 'n gesamentlike inkomste vanaf SASSA - en hulle pensioen (6%). Slegs 1-3% van die bejaardes ontvang inkomste vanaf annuïteite, polisse, donasies of 'n ongeskiktheidstoelaag.

### 3.2.1.4 Toegang tot mediese dienste





*Figuur 26. Toegang tot 'n mediese fonds*

Die meerderheid van die bejaardes (53%) het wel ’n mediese fonds of ’n hospitaalplan. Of die fondse voldoende vir hulle mediese versorging is, is nie ondersoek nie. 47% van die bejaardes het geen toegang tot ’n mediese fonds nie en moet op die staat se mediese versorging staatmaak.

### 3.2.2 Bejaardes se ondersteuningsnetwerke

#### 3.2.2.1 Kinders se afstand vanaf tehuise





*Figuur 27. Afstand van kinders vanaf tehuis*

Die meerderheid van die bejaardes (64%) se kinders bly na aan hulle. Byna 20% van die bejaardes se kinders bly in ’n ander provinsie en 15% van die bejaardes se kinders bly in ’n ander dorp, in dieselfde provinsie. ’n Klein persentasie (4%) van die bejaardes se kinders bly tans oorsee.

#### 3.2.2.2 Die ondersteuningsnetwerk van die bejaardes





*Figuur 28. Uitstappies deur die bejaarde se kinders*




*Figuur 29. Besoeke vanaf die kinders/familie*

Alhoewel 62% van die bejaardes aangedui het dat hulle kinders hulle wel die bejaardes by die tehuis optel vir uitstappies, is dit kommerwekkend dat byna 40% van die bejaardes se kinders hulle nie uitneem vir uitstappies nie. Slegs 34% van die bejaardes sien hulle kinders weekliks en byna 30% van die bejaardes se familie besoek hulle elke maand. 20% van die bejaardes het aangedui dat hulle kinders of familie hulle jaarliks besoek en 6% van die bejaardes is bevoorreg om daagliks ’n besoek


vanaf ’n geliefde te geniet. “*Om vir iemand te sorg wat eens vir ons gesorg het, is een van die grootste voorregte*” – Tina Walker. Dit is dan met groot hartseer om te verneem dat 11%, ongeveer 40 bejaardes, se familielede hulle nooit kom besoek nie.





*Figuur 30. Ondersteuningsnetwerk van die bejaardes*

Die meerderheid van die bejaardes (54%) het aangedui dat hulle familie hulle ondersteuningsnetwerk is en ongeveer 35% het aangedui dat hulle gesinne, vriende of die kerk hulle ondersteun en bystaan. 16% van die bejaardes se steun kom uit die gemeenskap of mede bejaardes in die tehuise en 6% van die bejaardes het aangedui dat hulle geen ondersteuningsnetwerk het nie.

### 3.2.3 Mobiliteit van bejaardes





*Figuur 31. Mobiliteit van bejaardes*




*Figuur 32. Persentasie behoefte aan toebehore*

’n Kleiner persentasie van die bejaardes (38%) kan onafhanklik loop en rond beweeg. Ongeveer 20% van die bejaardes maak gebruik van ’n loopraam of ’n rystoel. 12% van die bejaardes gebruik slegs ’n kierie vir ondersteuning om te loop. 11% van die bejaardes wat aan die opname deelgeneem het, is ten volle afhanklik van ondersteuning en die versorgers moes namens hulle die vraelys voltooi.


Byna die helfte van die bejaardes het 'n behoefte aan brille. Ongeveer 30% van die bejaardes het aangedui dat hulle 'n behoefte aan 'n gehoorapparaat het en 23% sou graag griepinspuitings wou kry om hulle te beskerm teen die wintermaande se kieme. Daar is 'n groter behoefte (20%) aan rolstoele as looprame (12%). Ongeveer 10% van die bejaardes het aangedui dat hulle nodig het om katarakte te verwyder en slegs 7% het 'n behoefte aan 'n kierie of 'n kruk vir addisionele ondersteuning.




*Figuur 33. Ander behoeftes wat geopper is*

Hierdie addisionele inligting word slegs genoem vir Helpende Hand se takke en streke om te kyk op watter manier hulle hierdie behoeftes kan aanspreek. Die grootste behoefte is valstande en tandarts-ondersoeke. Dan is daar ook 'n behoefte aan aktiwiteite vir bejaardes met Alzheimer's, drukverligtingmatrasse, fisioterapie en suurstofmasjiene. Verder is daar enkele behoeftes soos 'n ringkussing, 'n voetstut, 'n kunsbeen, 'n knievervanging en oogsorg-behandeling.


### 3.2.4 Maandelikse behoeftes




*Figuur 33. Behoeftes maandeliks*


Die grootste behoefte wat geopper is in die opname, is die behoefte aan toiletware (76%). Met die klein toelae en ouderdomspensioen waarmee ons bejaardes moet oorleef nadat hulle vir hulle verblyf betaal het, is die geld beperk vir basiese higiëniese produkte soos seep, tandepasta of ’n onderarm-rolletjie. Hier sal inisiatiewe vanaf die gemeenskap verwelkom word om die bejaardes op hierdie manier te steun. ’n Tweede sterk behoefte is die behoefte aan leesstof (37%), veral boeke met grootdruk wat die bejaardes met verswakte oë kan lees. Derdens is doeke ’n groot uitgawe en het ongeveer 30% van die bejaardes hulle behoefte hieraan uitgespreek. Ongeveer 20% van die bejaardes het ’n behoefte aan fisioterapie en ongeveer 15% ’n behoefte aan masserings of ’n maandelikse voetsorg-behandeling. Hier is die aanraking wat soveel bejaardes na smag en manier om die bloedvloei aan te help. Vrywilligers kan gerus van hierdie behoefte kennis neem.

### 3.2.5 Deelname en behoefte aan aktiwiteite




*Figuur 34. Deelname aan aktiwiteite*


Die meerderheid van die bejaardes kyk televisie (73%), luister radio (66%) of lees ’n boek (57%). Meer as die helfte van die bejaardes (54%) wil graag geestelik groei en woon die Bybelstudie of geestelike lesings by wat die tehuise organiseer. ’n Kleiner persentasie bejaardes brei graag, woon uitstappies by of neem deel aan die orkes by die tehuis. Slegs enkele van die bejaardes is fisies in staat om aan ander aktiwiteite soos opvoerings, ’n loop/hardloop-klub, kunsklasse of sportaktiwiteite deel te neem.




*Figuur 35. Behoefte aan aktiwiteite*

Die grootste behoefte aan aktiwiteite (ongeveer 50%) wat deur die bejaardes aangedui is, is die behoefte aan uitstappies en geselskap. Vir vermaak en ontspanning het bejaardes ’n behoefte aan geestelike lesings, ontspanning- en kultuuraktiwiteite en voorlesings van boeke. ’n Verdere behoefte onder andere is die behoefte aan sang- en musiekoefening of die opleiding in handvaardighede. Minder as 10% van die bejaardes het aangedui dat hulle ’n behoefte aan sportaktiwiteite het. Die grootste rede hiervoor is die gebrek aan onafhanklike beweging van die meeste van die bejaardes.

### 3.2.6 Bejaardes se vaardighede




*Figuur 36. Bejaardes se vaardighede*

Die meerderheid van die bejaardes (56%) het aangedui dat hulle kan brei, kook (40%), bak of hekel (ongeveer 35%). Byna 30% van die mans het aangedui dat hulle tuinwerk kan doen, of ’n voorliefde vir herstelwerk of houtwerk het. Enkele ander vaardighede wat nie gelys was nie, maar deur die bejaardes aangeteken is, is skilder, naaldwerk, borduurwerk, skryfwerk, tolletjie brei, ens. Dit is geweldig belangrik vir die aanmoediging van hierdie vaardighede, aangesien dit die brein oefen en aan die gang hou.

## 4. Samevatting

Hierdie verslag bied ’n opsomming en verwerking van data uit twee vraelyste, een vir die tehuis vir bejaardes en een vir tien inwoners van die tehuis. Die vraelyste is aan 250 tehuise gestuur, waarvan 50 vraelyste van tehuise terug ontvang is en 450 bejaarde inwoners die vraelyste per hand voltooi het.

Die samevatting van die resultate word in die volgende kolpunte genoem:

*Tehuise se konteks*:

- Die grootste hoeveelheid van die bejaarde tehuise wat aan die opname deelgeneem het, is in Gauteng, die Vrystaat, die Noord-Kaap, die Noordwes en die Wes-Kaap. Die meeste van die inwoners by die tehuise is vroulik.
- Byna al die tehuise bestaan al meer as 30 jaar. ’n Driekwart van die tehuise het aangedui dat hulle ’n waglys het vir inwoners wat in die tehuis wil kom woon.
- Byna die helfte van die tehuise se inwoners is ten volle afhanklik, benodig voltydse sorg en is met ’n sekere mediese toestande gediagnoseer. Hierdie toestande is onder andere: ’n liggaamlike gestremdheid, blind- of doofheid, of lewe met ’n psigiese steuring, soos depressie en angs. ’n Kleiner persentasie van die tehuise se inwoners het Alzheimer’s of Dementia.
- Die gemiddelde tariewe vir verblyf is R6 619 vir ’n enkelkamer, R8 461 vir ’n dubbelkamer en R7 591 vir die versorgingseenheid. Byna 40% van die bejaardes ontvang ’n staat subsidie. Die bydrae strek vanaf R984 - R3 541 per inwoner per maand. Die gemiddelde bydrae is R1 985 per inwoner per maand. Met die wete dat die helfte van die inwoners met ’n SASSA-toelaag, ongeveer R1 800, hulle verblyf moet betaal, maak die uitgawes soos kruideniers en verblyfkoste die bejaardes in ons samelewing nog meer kwesbaar.
- 2 188 voltydse personeellede se salarisse word deur die tehuise betaal, wat 3 559 bejaarde inwoners moet versorg. Dit is ’n gemiddeld van 44 personeellede per tehuis en gemiddeld 10 vrywilligers wat hulle dienste, hulp en ondersteuning vir die tehuis gratis aanbied.

*Tehuise se behoeftes en beperkinge*:

- Die grootste hoeveelheid van die tehuis se personeellede bestaan uit versorgers. Die meerderheid van die tehuise het 'n reuse-behoefte aan fisio- en arbeidsterapie, beradings- en maatskaplike dienste en spraakterapie.
- Byna al die tehuise wat aan die opname deelgeneem het, het voldoende fasiliteite. Die grootste fasiliteite tekort by die tehuise is 'n gimnasium en 'n swembad. Die meeste tehuise het ook nie die luuksheid van 'n dataprojektor, gasverwarmers of -geysers nie.
- Al die tehuise bied Bybelstudie/geestelike lesings, musiek, ontspanning, brei as aktiwiteit en uitstappies vir die bejaardes aan. Nog gewilde aktiwiteite by die tehuise is onder andere, 'n boekklub, opvoerings, hekel- en handwerk geleenthede wat vir die inwoners georganiseer word.
- Die grootste behoefte aan materiaal vir aktiwiteite wat die tehuise aangedui het, is wol en breinaalde, bordspeletjies, inkleurboek en -potlode, balle, legkaarte, boeke met grootdruk-skrif, vroetel kussings, toerusting vir kunsaktiwiteite, babapoppe en speelgoed.
- Die dienste wat tehuise verlang is die instandhouding van die persele, opleiding en spanbou van hulle personeel en vrywilligers wat kom aanklop by die inwoners vir geselskap. Verder het hulle aangedui dat hulle behoefte aan die volgende produkte noodsaaklik is: doeke, vleisprodukte, kruideniersware en groente en vrugte, asook LED-ligte, beddegoed en matrasse.
- Die tehuise se hoogste tot laagste uitgawes is soos volg: 1) salarisse van die personeel, 2) kos en kruideniersware, 3) water- en elektrisiteitsrekening, 4) instandhouding en 5) die mediese versorging van bejaardes. Doeke, ondersteuningsdienste en aktiwiteite is 'n kleiner las op die tehuise se begrotings.

*Bejaarde inwoners se demografie*:

- Die grootste groep van die tehuis se inwoners is meestal vroulik, met die grootste persentasie ouderdom tussen 80 - 89 jaar en 12% ouer as 90 jaar oud is. Dit is noemenswaardig om aan te dui dat twee van die respondente vanjaar 100 jaar oud geword het en drie bejaardes in 2020 hulle 100ste verjaarsdag vier.
- ’n Klein persentasie van die bejaardes kan onafhanklik loop en rond beweeg. Die meerderheid van die bejaardes maak gebruik van ’n loopraam, ’n rystoel of ’n kierie. 11% van die bejaardes wat aan die opname deelgeneem het, is ten volle afhanklik van ondersteuning.
- Die meerderheid van die bejaardes ontvang of ’n SASSA-toelaag, ’n pensioen of ’n ander inkomste vanaf hulle familie. Slegs 1-3% van die bejaardes ontvang inkomste vanaf annuïteite, polisse, donasies of ’n ongeskiktheidstoelaag.
- Byna die helfte van die bejaardes het geen toegang tot ’n mediese fonds nie en moet op die staat se mediese versorging staatmaak.
- Die meeste van die bejaardes het kinders, waarvan die helfte van die bejaardes se kinders ook finansieel na hulle omsien. Meer as die helfte van die bejaardes sorg vir hulleself.
- Die meerderheid van die bejaardes se kinders bly naby aan hulle. Byna 20% van die bejaardes se kinders bly in ’n ander provinsie of dorp en ’n klein persentasie se kinders bly tans oorsee.
- Byna 40% van die bejaardes se kinders kom haal hulle nie vir uitstappies nie. Slegs 34% van die bejaardes sien hulle kinders weekliks en ’n baie klein persentasie van die bejaardes is bevoorreg om daagliks ’n besoek vanaf ’n geliefde te geniet. Verder ontvang 20-30% van die bejaardes maandeliks of jaarliks ’n besoek vanaf hulle geliefdes. “Om vir iemand te sorg wat eens vir ons gesorg het, is een van die grootste voorregte” – Tina Walker. Dit is dan met groot hartseer om te verneem dat ongeveer 40 bejaardes se familielede hulle nooit kom besoek nie. Ongeveer 30 bejaardes het aangedui dat hulle geen ondersteuningsnetwerk het nie. Hierdie terugvoer is die bewys van emosionele armoede wat ons MOET aanspreek.

*Bejaarde inwoners se behoeftes*:

- Die grootste behoeftes vir mediese apparate en dienste onder bejaardes is: brille, gehoorapparate of griepinspuitings teen die wintermaande se kieme. Daar is verder ’n

behoefte aan rolstoele, looprame, kieries of katarak-verwydering. Ongeveer 50 bejaardes het aangedui dat hulle ’n behoefte het aan ’n maandelikse voetsorg-behandeling.

- Die grootste behoefte maandeliks vir bejaardes is toiletware. Met die klein toelae en ouderdomspensioen wat hulle ontvang, is die geld beperk vir basiese higiëniese produkte soos seep, tandepasta of ’n onderarm-rolletjie. Inisiatiewe vanaf die gemeenskap in die verband sal verwelkom word. Verder is die behoefte aan leesstof, veral boeke met grootdruk, en doeke ’n groot uitgawe wat bejaardes nie kan bybring nie.

*Bejaarde inwoners se deelname aan aktiwiteite en vaardighede*:

- Die meerderheid van die bejaardes kyk televisie, luister radio of lees boeke. Meer as die helfte van die bejaardes woon die Bybelstudie of geestelike lesings by, brei graag, woon uitstappies by of neem deel aan die orkes by die tehuis. Slegs enkele van die bejaardes is fisies in staat om aan ander aktiwiteite, soos opvoerings, ’n loop/hardloop-klub, kunsklasse of sportaktiwiteite, deel te neem.

- Die grootste behoefte aan aktiwiteite wat deur die bejaardes aangedui is, is die behoefte aan uitstappies en geselskap.

- Die meerderheid van die bejaardes kan brei, kook, bak of hekel. Byna ’n derde van die mans het aangedui dat hulle tuinwerk kan doen of ’n voorliefde vir herstel- of houtwerk het. Enkele ander vaardighede wat nie gelys was nie, maar deur die bejaardes aangeteken is, is skilder, naaldwerk, borduurwerk, skryfwerk, ens. Dit is geweldig belangrik vir die aanmoediging van hierdie vaardighede, aangesien dit die brein oefen en aan die gang hou.

Die resultate van hierdie verslag kan uiters doeltreffend aangewend word deur die projekbestuurder van Helpende Hand se Bejaarde-projekte, asook die vrywilligers wat graag hulle tyd en diensbaarheid aan bejaardes wil spandeer. Hierdie resultate kan as riglyn dien vir enige Helpende Hand-projek wat in die toekoms aangepak word.

## 5. Aanbeveling

Die 2030-agenda en die doelwitte vir volhoubare ontwikkeling (SDG's) erken dat ontwikkeling slegs haalbaar sal wees as dit alle ouderdomme insluit. Die bemagtiging van ouer persone in alle dimensies van ontwikkeling, insluitend die bevordering van hul aktiewe deelname aan die sosiale, ekonomiese en politieke lewe, is een manier om hul inklusiwiteit te verseker en ongelykhede te verminder.

Alhoewel armoede onder bejaardes nie noodwendig voorkom of verbreek kan word nie, kan geestelike en emosionele armoede van bejaardes aangespreek word. Dit is die navorser se wens dat ons by die 2030-agende kan aansluit en verseker dat ons bejaardes ook vry, veilig en voorspoedig in Suid-Afrika mag lewe. Ons kan op die volgende maniere die agenda ondersteun:

Die Kommunikasie-afdeling:

Die belangrikste persoon wat by hierdie verslag kan baat, is die Bejaarde-projekleier. Hierdie resultate kan in 'n dinkskrum gebruik word om reeds bestaande projekte te skaaf en te skuur. Daar kan ook nuwe inisiatiewe uit die dinkskrum vloei.

Let op die volgende datums:

- Die Wêreld Senior Burgerdag word elke jaar op 21 Augustus gevier.
- 1 Oktober is die Internasionale Dag van Ouer Persone.
- Bejaarde-week word van 30 September tot 6 Oktober in Suid-Afrika gehou.

Die navorser stel voor dat die resultate van hierdie verslag verwerk word en op dié bogenoemde dae aan die media en die publiek gestuur word om die bejaardes in ons lewens te vereer. Die navorser sal 'n infographic saam met hierdie verslag opstel en aan die mediaverteenwoordiger gestuur word om 'n mediaverklaring aan die plaaslike media te stuur en die plasing vir die sosiale media-platform.

Die Gemeenskapsontwikkeling-afdeling:

Hierdie verslag stel aan die takke, streke en hoofkantoor, die bejaardes en tehuise se behoeftes en leemtes bekend. Die takke en streke kan hierdie resultate gebruik in hulle projek-beplanning wanneer hulle met bejaardes werk. Die maatskaplike werkers kan ook leiding gee in die verband en ons help ons takke en streke aan te moedig om ons wyse gryses met respek en liefde deur projekte te bemagtig.

"MOENIE SPYT WEES DAT U OUD WORD NIE, DIT IS 'N VOORREG WAT VAN BAIE ONTNEEM WORD."

\- Onbekend